agbiz
agricultural business chamber
the way to prosperity

PO Box 76297, Lynnwood Ridge, South Africa, 0040

Grian Building, 1st Floor, 477 Witherite Road
The Willows, Pretoria, South Africa, 0184

Tel. +27 12 807 6686, Fax. +27 12 807 5600
admin@agbiz.co.za, www.agbiz.co.za

Vat nr. 4920204684

**PERSVERKLARING**

7 April 2017

**S&P se besluit om Suid-Afrika se beleggingsgradering na rommelstatus af te gradeer slegte nuus vir landboubesigheid en veral vir verbruikers**

"Die dramatiese politieke gebeure van die afgelope week, en die gevolglike en verwagte afgradering van Suid-Afika se beleggingsgradering na sogenaamde rommelstatus deur die graderingsagentskap Standard & Poor's (S&P), is baie slegte nuus vir ons land se ekonomie en voedselsekuriteit," het Dr John Purchase, die hoof uitvoerende beampte van Agbiz vandag gesê.

"Die onmmiddelike aard van die afgradering na 'n noodvergadering, dui op die aansienlike erns waarmee S&P die veranderinge by veral Nasionale Tesourie beskou, en die gevolglike impak op die ekonomiese en fiskale situasie van die land".

Duidelik sal die gevolge van die hoër koste van kapitaal (hoër rentekoerse) en 'n verswakkende geldeenheid, op die medium tot langtermyn negatief impakteer op beleggersvertroue en die groeivooruitsigte van die  land. Dit vind juis plaas net toe daar tekens was van verbeterde groeivooruitsigte in beide die landbou en die land se ekonomie.

"Verbruikers moet besef dat die gevolge van hierdie politieke gebeure gaan manifesteer in heelwat hoër voedselpryse, en dus die goeie voedselsekuriteit-status van ons land heel waarskynlik baie negatief gaan raak. Dit is veral die  armstes onder die verbruikers wat die swaarste gaan trek," het Dr Purchase bygevoeg.

Landboubesighede sal die gepaardgaande risikos met die afgradering baie goed moet ontleed en strategieë ontwikkel om aan te pas en te oorleef in 'n sake-omgewing wat waarskynlik nie baie gunstig gaan wees nie.

---

**Navrae:**
Dr John Purchase
Hoof uitvoerende beampte van Agbiz
Selfoon: 082 441 2308
E-pos: john@agbiz.co.za